



Februarie 2024

Hersiene riglyn Veikom Bulletin 7/20

## **BETREDING EN BESETTING VAN PRIVAAT EIENDOM**

Wanneer 'n logiese en kronologiese ontleding van enige plaasaanval gedoen word, is die oortreding(betreding) die eerste misdryf wat gepleeg word om 'n ernstige misdaad te kan pleeg.

### **Oortreding/Betreding:**

Volgens die Wet op Oortreding, 1959 ( Wet 6 van 1959) moet toestemming van die volgende persone verkry word om sodanige grond of persele te betree:

- Die wettige okkupeerder van grond of 'n gebou of deel van 'n gebou
- Die eienaar van, of die persoon wat toesig hou oor grond of 'n gebou of deel van 'n gebou wat nie deur iemand wettiglik geokkupeer word nie

Persone wat sulke grond betree of so 'n gebou of deel van 'n gebou binnegaan of daarin is sonder toestemming, is aan 'n misdryf skuldig, tensy hy/sy wettige redes het om daardie grond te betree of daarop te wees.

Bykomend tot die beheer van toegang tot plase is dit wenslik om by alle toegangshekke van plase 'n kennisgewing op te rig waarin daar verklaar word dat:

- Reg van toegang tot die plaas of enige gedeelte voorbehou is en dat oortreders vervolgt sal word
- Slegs bestaande toegangshekke tot of vanaf die plaas gebruik mag word om toegang tot die plaas te verkry

### **Klagte van oortreding**

- In gevalle waar persone wat nie toestemming het om op die plaas te wees, daar aangetref of gerapporteer word, word aanbeveel dat klagtes van oortreding by die SAPD aanhangig gemaak word.
- Dit is belangrik dat die klaer in 'n saak van oortreding, 'n persoon is wat wettig kan bevestig dat die oortreder sonder toestemming op die plaas aangetref is. Met verwysing na die definisie van hierdie misdryf, is dit slegs die eienaar of wettige okkupeerder wat die klag aanhangig kan maak.
- Met die oog op vinnige optrede teen 'n oortreder, word sterk aanbeveel dat die volgende dokumentasie of gewaarmerkte afskrifte, byderhand gehou word:

1. 'n Afskrif van die plaas of gedeelte wat betree is se titelakte.

Voor die klag gelê word, maak seker wie die persoon of instansie is wat as die geregistreerde eienaar op die titelakte aangedui is

2. Waar die klaer 'n maatskappy, trust of beslote korporasie is, 'n wettige resoluë wat die lê van klagte(s) namens die entiteit magtig en die persoon magtig om namens die betrokke entiteit die klagte(s) aanhangig te maak en verklarings af te lê.

3. Die dokumentasie moet die klaer vergesel wanneer klagte aanhangig gemaak word.

### **Rol van die Staat**

Dit is die staat se plig om die kriminele klag bo redelike twyfel teen 'n aangeklaagde te bewys. Die staat moet bewys dat die persoon of instansie wat die klag van oortreding aanhangig gemaak het, die eienaar of wettige okkupeerder is.

### **Besetting:**

1. Wanneer grond beset word, is dit meestal groot groepe. Moet nie konfronteer nie. Gewoonlik is daar iemand wat die erwe "verkoop".
2. Indien die eienaar tydelik van die eiendom afwesig is, reël alternatiewe toesig mbv die Plaaswag, 'n buurman of 'n sekuriteitsmaatskappy.
3. Rekordhouding en die neem van foto's van leidende persone en voertuie is belangrik. Spesifiseer ook datum, tyd en plek waar die foto's geneem word.
4. Die klag wat gelê moet word is BETREDING (Wet no 6 van 1959). Soos in die Noordkaap en ook in Kroondal, is 'n klag van besetting gelê. Die SAPD reageer nie op laasgenoemde klag nie. Dring aan op 'n bewys van ontvangs van die beamppte by wie die klag gelê word.
5. Indien die SAPD nie 'n klag wil registreer nie, gaan sien 'n prokureur wat onmiddellik 'n dokument uitreik via die balju wat die SK en al die personeel op terme plaas dat hulle in hulle persoon finansiële aanspreeklik mag wees vir alle skade en verliese. Dit werk elke keer.
6. Dit is beter in die geval van groot groepe om op 'n dringende basis 'n uitsettings bevel te kry. Dit dwing die SAPD om op te tree, gewoonlik met POPS. Net die eienaar of huurder mag 'n klag lê. Indien 'n toestemmings brief bestaan, is dit raadsaam om daarin te noem dat bure ook namens die eienaar 'n klag van betreding mag lê.
7. Elke grondeienaar of huurder MOET vir mekaar geskrewe toestemming gee om op mekaar se eiendom te wees. Soos in Kroondal se geval waar persone van buite die gebied kom help het, is hulle ook skuldig aan betreding en mag ook gearresteer word indien daar nie geskrewe magtiging is nie.
8. Wanneer POPS opdaag, onttrek tot op die aangrensende eiendom, waar observasie nog steeds gedoen kan word. Slegs die Boerevereniging voorsitter of veiligheids verteenwoordiger skakel met die SAPD. Arrestasies kan hier ook uitgevoer word met die klag van "verhinder in uitvoering van pligte".
9. Enige pale, penne en bou materiaal mag verwyder word van die perseel wanneer dit veilig is. Die uitsettings bevel moet ook melding maak dat bewoonbare strukture, verwyder mag word.
10. Wys 'n persoon/persone aan wat deurentyd met video kameras die gebeure vasvang asook tye en gebeure op papier vaslê.
11. Besetting vind gewoonlik plaas op hoewes wat verlate is en waar geen of gebrekkige omheining bestaan. SAPD wil nie optree in sulke omstandighede nie, omdat duidelike grense nie bestaan nie. Op regs advies, trek met 'n ripper 'n streep in die grond, wat voldoende is vir die SAPD.
12. Goeie voorsorg is om te sorg dat heinings altyd in 'n goeie toestand is. Borde met "PRIVAAT" "GEEN TOEGANG" op ten minste 3 plekke is noodsaaklik

Met dank aan Theunis Kruger, insette van die TLU SA Veiligheidskomitee, Hans-Jurie Moolman en David Maree

**SPECIAL POWER OF ATTORNEY TO PRESS CRIMINAL CHARGES :**

I, \_\_\_\_\_ (full name and surname), with Identity number \_\_\_\_\_, being the registered owner of the following farm/s  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(name and portion of farm/farm/s), do hereby authorise \_\_\_\_\_ (name and ID number) to do the following on behalf of myself:

1. To from time to time, in my absence, guard over my abovementioned fixed property/ies.
2. To take any reasonable and appropriate lawful action, to sign all documents and to depose to an affidavit/s necessary to press criminal charges against any person/s who may be found to trespassing on my property/the properties listed above.

SIGNED AT \_\_\_\_\_ ON THIS \_\_\_ DAY OF \_\_\_\_\_ 2018.

1 \_\_\_\_\_ . \_\_\_\_\_  
(Signatures of witnesses 1) (Signature of registered owner)

2 \_\_\_\_\_  
(Signatures of witnesses 2)